DEEL 117 | WEEK 16 | 17 APRIL 2025 | R5

# HEILBRON HERALD




# Onverklaarde waternood in Heilbron

Waar is ons water? Hoekom hoor ons niks nie? Dit is die vrae op almal in Heilbron se lippe. Met krane wat al vir weke droog staan en 'n verstommende stilte van plaaslike owerhede, kook woede onder inwoners en sakelui van Heilbron. Die onverklaarde waterkrisis het reeds groot skade aangerig aan die dorp se huishoudings, sakeondernemings én openbare vertroue. Volgens 'n omvattende ondersoek deur DA-raadslede is sowat dertig strate – insluitend al die hoofstrate – of sonder water, of ontvang min tot amper geen toevoer. “Dis skandalig en totaal onaanvaarbaar,” sê DA-raadslid Robert Ferendale. “Inwoners moet spartel sonder basiese dienslewering, en ons plaaslike ekonomie kreun onder die druk.” Een plaaslike ondernemer betaal tans tot R800 per watertenk om sy besigheid aan die gang te hou, terwyl eetplekke sukkel om voedsel voor te berei. In ten minste een geval moes 'n maatskappy sy produksie staak weens die watertekort. Wat Ferendale die meeste ontstel, is die “lamlendige swye” van munisipale amptenare. “Navrae word eenvoudig geïgnoreer,” sê hy. Ten einde het hy na Dr Mothamaha, munisipale bestuurder in Parys, uitgereik – sonder enige terugvoer. In 'n brief aan Mothamaha skryf hy: “Daar is droë krane regoor Heilbron – maar geen verduideliking van die owerhede nie. Ons as raadslede verdien 'n verklaring van die oorsaak, die beplande oplossing, en teen wanneer dit herstel sal wees.” Teen Maandagoggend was daar nog geen antwoord nie. Heilbron koop gesuiwerde water direk van Rand Water. Robert asook talle inwoners wonder nou of die Rand Water nie watervloei beperk omdat Ngwathe weer agterstallig is met betaling van sy waterrekening nie. Dit is verlede jaar gedoen toe Heilbron se krane opgedroog het. Ngwathe het destyds ook geswyg oor die oorsaak van die watertekort. Ferendale en sy DA-kollega Rdl. Joseph Mbele het intussen ook DA-lede van die Provinsiale Wetgewer versoek om hulp te vra, by sowel die Provinsie as by die Departement van Waterwese en Sanitasie. Robert verduidelik dat die MM hom wel Dinsdagmiddag na vyf in kennis gestel het, dat die water probleme opgelos is en dat die water terug na normaal sal verkeer binne die volgende 24 uur. Inwoners word gemaan om geduldig te wees aangesien dit 'n tydjie sal neem vir al die reserviors om vol te word.









# Three males arrested for possession of unlicensed firearms and conspiracy to commit crime

• *The office of the Provincial Commissioner Free State*

Heilbron: Sunday, 13 April 2025- The Fezile Dabi District Tactical Response Team has apprehended three males, aged between 29 and 43, for possession of unlicensed firearms and ammunition, as well as conspiracy to commit a crime.

On Saturday, 12 April 2025, at approximately 15:00, members of the Tactical Response Team received information about a white VW Polo driving on the R57 towards Heilbron with occupants in possession of unlawful firearms and ammunition. Acting on the information, the vehicle was spotted and apprehended. Two of the arrested individuals are Lesotho nationals.

Two pistols, ten live ammunition, three cellphones, and a white Volkswagen Polo were confiscated.

The trio is expected to appear before the Heilbron Magistrate Court on charges of possession of unlicensed firearms and conspiracy to commit a crime.



# UIT DIE PEN: *Week 16*



Baie kan in ‘n week gebeur. Verlede jaar het my dit weer bewys. Van ‘n gebreekte been na die hospitaal, in gips en krukke. My goeie man het gegaan vir ‘n gewone roetineondersoek en drie dae daarna met hartversaking gediagnoseer.

Iemand is betrokke in ‘n motorongeluk en land in die intensiewesorgeenheid. Iemand anders kry ‘n nuwe werk, na maande van aansoek doen. Iemand anders wen ‘n kompetisie en ry met ‘n splinternuwe kar. Dalk bedank iemand sy werk of gaan, nà 45 jaar diens, met pensioen en sien uit na ’n nuwe begin.

Daar word miskien herstrukturering by jou werk gedoen en jy moet weer aansoek doen vir jou werk omdat al die poste oorbodig verklaar word. Jy kry die werk of jy kry dit nie. Twee mense trou en hulle het ’n wonderlike toekoms om na uit te sien. Iemand se wederhelfte is dood en die een wat agterbly wil nie die toekoms alleen ingaan nie.

Dalk het iemand feesgevier by ’n gradeplegtigheid en hulle sien uit na die werksmark wat wag. Of hy moet binne ’n week die keuse maak om verder te studeer.

Binne ’n week kan iemand alles verloor (ek wonder altyd hoe dit gebeur) of hulle moet trek.

Dalk nie so drasties soos bogenoemde nie, maar beslis ’n realiteit: Jy tel twee kilogram in ’n week op. Ja, dit kan ook gebeur.

Baie kan in ’n week gebeur.

Amper soos in ’n groterige stad. Klomp mense het kos, klere en slaapgoed gepak en soontoe vertrek. Van heinde en verre. Hulle het vooraf plek bespreek om tuis te gaan. Ander het hulle tente saamgevat. Dit sou ’n week van feesvier wees. Hulle sou weer hulle familie en ou vriende sien.

Hulle het alles gepak, seker gemaak dat daar genoeg vir almal was. Seker ook ’n geldjie saamgevat vir ingeval daar ’n tekort was.

Die kinders is voorberei op die reis. Dalk het die ouers iets ingepak vir die langpad: ’n speletjie waarmee hulle besig gehou sou word. ’n Nat lappie om ’n vuil gesiggie skoon te vee. Ekstra padkos. My gryse ou pa het altyd gesê dat daar niks is wat hom hongerder as Kerrie maak nie. Miskien het hulle ook so gedink.

Die reisigers was opgewonde oor die fees wat wag.

Met hulle aankoms in die groterige stad, het hulle seker eers hulself gaan tuismaak daar waar julle sou slaap. Klere uitgepak, beddens reggemaak en die proviand iewers in kaste of rakke gepak.

En toe hoor hulle dit.

Mense wat juig en sing. Die stof trek soos wat hulle langs die pad dans. Iemand speel ’n tamboeryn en daar is ’n ywerige dromspelertjie. Die vrouens haal hulle serpe af en swaai dit in die lug terwyl hulle ritmiese passies uitvoer.

Maar wat maak hulle nou? Daar begin die vroue een vir een hulle serpe op die grond gooi. Nee, genade, mens mors nie so nie, dink iemand wat langs die pad staan en die spektakel bekyk. Hulle wonder wat hier gebeur.

Van agter af kom daar mans aangehuppel met groot palmtakke wat hulle deur die lug swaai. Hulle draf tot voor in die ry en sit hulle palmtakke neer, sommer so op die serpe van die vroue. Jy wonder hoekom?

Die reisigers sluit hulle by die petalje aan, en hoor hoe die mense sing.

“Hosanna! Hosanna! Jubel en juig! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is ’n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op ’n donkie, op die hingsvul van ’n donkie.”

Die reisigers wonder hoekom die skare nou Sagaria 9:9 sing terwyl hulle dreunsing. Die fees het mos nog nie begin nie?

Hulle besluit om langs die pad te wag totdat die prosessie verby is.

Daar agter sien hulle ’n donkie. Miskien is dit waaroor die mense sing, dink hulle. Daar sit iemand op die donkie. Maar hoekom, wonder hulle?

En toe sien hulle Hom. ’n Nederige man wat die stad binnekom op die rug van ’n donkie. Die donkie loop oor die serpe en die palmtakke.

Die atmosfeer is elektries. Almal begin spontaan juig, hande klap en dans. Kyk! Hier is ons Verlosser! Hy kom ons van die Romeinse onderdrukking red! Hy is hier!

Baie kan in ’n week verander.

Die volgende week is dieselfde reisigers en dansers deel van die groep wat bymekaar gekom het rondom die Praetorium, daar waar Jesus voor Pontius Pilatus verskyn en verhoor word. Hulle is oproerig. Hulle druk aan mekaar en skree. Vuiste in die lug.

Iemand staan op die balkon. “Wie wil julle hê? Barnabas of vir Jesus?”

Hulle skree: “Gee Barnabas vir ons!”

“En wat maak ons met Jesus, wat sê dat Hy die Koning van die Jode is?”

“Kruisig hom! Laat Sy bloed op ons en ons kinders wees!”

Die skare dreunsing dit totdat Barnabas se kettings losgemaak word.

Dit was dieselfde groep mense wat Hom soos ’n koning behandel het toe Hy ’n week vantevore in Jerusalem aangekom het. Dis dieselfde groep mense wat Hom nou wil dood hê.

Baie kan in ’n week verander.

My wens is dat jy dit hierdie week sal oordink. Dat jy jou hart sal voorberei vir die Paasnaweek. Wanneer ons Vrydag die dood van Jesus sal gedenk en Sondag sal feesvier, want Hy het opgestaan.

Ek wens dat jy dit in jou hart sal glo: dat Iemand regtig sò lief is vir jou dat Hy besluit het om al jou sonde op Hom te neem. Lank voor jou geboorte alreeds.

En indien jy dit nie glo nie, wens ek dat jy iewers in jou lewe werklik die Paasgebeure sal beleef en sal verstaan en dit ’n verskil in jou lewe laat maak.

# Baie dankie aan ons gemeenskap

## *‘n Goue Dag by die Rykdom en Reliek*

• **Lanzo Soothill**

Ons wil graag opreg dankie sê aan elke gemeenskapslid wat Saterdag ons Rykdom en Reliek geleentheid bygewoon het. Jul teenwoordigheid, entoesiasme en liefde vir geskiedenis en nostalgie het die dag werklik besonders gemaak.

Van ou familie-erfstukke tot unieke versamelstukke – elke voorwerp het ’n storie vertel, en dit was ’n voorreg om dit saam met julle te beleef. Die geleentheid het nie net skatte na vore gebring nie, maar ook ons gemeenskapsgees versterk. Dit was wonderlik om soveel bekende gesigte (en ’n paar nuwes!) te sien wat die geleentheid ondersteun het.

Daar is items gekoop deur ons kenners wat regtig besonders was, asook waardasies gegee het met inligting oor verskeie items. Ons as Museum wil net graag ook bevestig dat geen finansiële voordele vanaf die kenners aan die Museum of bestuur betaal is nie. Ons wou graag net ‘n ruimte skep waar ons gemeenskap ‘n dag van nostalgie kon geniet. Die kenners het wel aangedui dat hulle in die toekoms bereid is om ‘n deel van die transaksies aan die Museum te betaal om ons verdere vernuwings projek te ondersteun. Ons is baie bly daaroor.

Hier is komentaar van ‘n paar van ons gaste:

“Baie dankie vir die insiggewende blootstelling aan al die oudhede. Wat ‘n voorreg om sulke puik kenners te ontmoet wat waarde heg en gee aan ons voorgeslagte se kosbaarhede en ons toelaat om die waarde daaraan te ontdek. Dankie vir die passievolle bestuur by Riemland Museum”

Mari Myburgh

“Dankie. Dit was ‘n groot sukses. Ons het dit geniet. Die waardeerders se liefde vir elke item en die eienaars daarvan was so aangrypend om te sien. Baie geluk!”

Carleen Pretorius van Frankfort wens Lanzo Soothill en Piet Lombard geluk met die puik dag wat hulle aangebied het. Ek glo nie die publiek van Heilbron besef wat dit verg om die Museum aan die gang te hou nie en dat julle vrywillig sonder betaling op julle pos bly nie. Julle is die onbesonge helde van Heilbron.

Tannie Magdaleen Van Rensburg voeg by ons sien uit daarna om julle almal weer te sien by ons volgende geleentheid. Tot dan – hou aan skatejag, en onthou dat die ware waarde van ons geskiedenis lê in die stories wat ons deel.”

*Met waardering, Riemland Museum.*















*Betsie Roux*



*Henk van Zyl*

COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
WIRING & RE-WIRING
OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
INDOOR/OUTDOOR LIGHTING
ULECTRIC
SOLAR AND ELECTRICAL
ELECTRICAL REPAIRS
FAULT FINDING
EQUIPTMENT REPAIR
SOLAR BOREHOLE PUMPS
BACKUP SYSTEMS
Jannie 072 279 9299 WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL Ulectric 084 499 9937

# Local runners shine at Two Oceans Marathon 2025

Athletes from the Free State proudly represented their communities at the prestigious Two Oceans Marathon (TTOM) held in Cape Town over the weekend of 5 and 6 April 2025. This iconic event, known for its challenging routes and scenic beauty, saw thousands of participants from across the country and beyond.

Mr. Meshack Mazibuko, representing the Correctional Services FS athletics club, successfully completed the gruelling 56km Ultra Marathon within the official cut-off time. His determination and endurance earned him a well-deserved medal. Mr. Mazibuko hails from Frankfort and is employed at Groenpunt Correctional Services.

Mrs. Tselane Hlahane, a member of the Free Health Department AC , took on the 21.1km Half Marathon challenge. She also completed her race within the cut-off time and proudly received a medal for her achievement. Mrs. Hlahane resides in Heilbron and works at Tokollo District Hospital under the Fezile Dabi District.

Their participation and success are a testament to the strength, perseverance, and community spirit of the Free State's athletes. Congratulations to both runners on their inspiring accomplishments!
















# Herfs rolstoeldag

Die Huppel Trippel-lede het 'n lieflike herfs-oggend gekies om 'n Rolstoeldag in te pas voor die winter ons weer inhok. Dit is gedoen met die gebruiklike 'pitstops' waar almal getrakteer is op Simba-produkte, koeldrank en heerlike paaseiers. Die oggend is afgesluit met 'n heerlike kuier onder die koeltebome. Volgende week se program beloof om 'n maagpyn-lekkerlag-oggend te wees. Dit sal bestaan uit skreeusnaakse speletjies waaraan almal kan deelneem. Heilbronners uit die dorp en omgewing is welkom om te kom saamspeel.






Michaël en Elmarie Hammann is op 12 April te Donsveertjie in die huweliks bevestig. Michaël Hammann is die seun van Willem en Mariette Hammann van Potchefstroom en Elmarie Els is die dogter van Frans en Riekie Els van Heilbron.

Die paartjie vestig hulself in Heilbron.

# In Loving Memory of

## *Madala Abel Mtimkulu*

*** 17 April 1950 – † 7 April 2025**



It is with deep sadness that we announce the passing of Madala Abel Mtimkulu, a well-known and respected member of the Heilbron community. Born on 17 April 1950, he peacefully departed this life on 7 April 2025, just days before his 75th birthday.

Madala Abel worked for many years at Clover, where he was known for his dedication and work ethic. Later, he pursued his passion for helping others by starting his own driving school, where he made a meaningful impact in the lives of many young drivers.

Those who knew him remember him as a good man—gentle in spirit, kind-hearted, and always willing to lend a helping hand. His legacy of humility, hard work, and compassion will live on in the hearts of all who had the privilege of knowing him.

He is lovingly remembered and deeply mourned by his wife, children, grandchildren, and all who cherished him.

May his soul rest in peace.

WINKELURE
Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

WESDAN BOERDERYE (EDMS) BPK
HBG
Louise STOET

VAKANTE BETREKKING
KUDDEBESTUURDER: SKAAP - EN BEESBOERDERY

VEREISTES:
• Hantering en identifisering van teeldiere en aanwas.
• Toediening van alle doserings en inentings.
• Merk, onthoring, kastreer, tatoeër en brand van alle diere.
• Identifisering en behandeling van alle siektes.
• Volledige rekordhouding van alle diere oor alle aspekte van inentings, siektebehandeling asook lam – en kalfrekords.
• Volledige rekordhouding van teelbulle en ramme – gebruik in verskillende teeltroppe – vroulike diere.
• Weeklikse getalopnames van alle diere op ongereelde tye.
• Volledige weidingsbestuur.
• Voorsiening van lekke en kragvoer soos van toepassing.
• Skeer en hantering van wolskeersel.

KWALIFIKASIES:
• Eerlik en toegewyd ten alle tye.
• Ten minste 5 jaar se ondervinding van bogenoemde boerderye.
• Netheid.
• Meganiese kennis en herstel/onderhoud van windpompe, draadspan, damme, waterkrippe,voerkrippe,hekke,store,trekkers en implemente waar van toepassing – raaksien en regmaak van alles wat foutief is.
• Moet onafhanklik kan funksioneer en organiseer.
• Bereidwilligheid om lang ure te werk – lamtyd en kalftyd verg ekstra ure sowel as Saterdae en Sondae.
• Respek kan verdien by werkskollegas en plaaswerkers.
• Moet volle verantwoordelikheid aanvaar vir die bestuur van arbeid en uitdeel van pligte.
• Kennis van veesiektes.
• Hardwerkend en eienaarskap aanvaar.
• Boerdery word bedryf en bestuur op verskillende eiendomme – bestuur en organisering hiervan.

VOORDELE:
• Word deel van 'n groep met verskillende vertakkings wat uitdagings bied.
• Mededingende salaris met verlofvoordele.
• Termynkontrak.
• Voertuig vir werksdoeleindes word verskaf. (Verantwoordelik vir voertuig se instandhouding)
• Baie goeie laer- en hoërskool in Heilbron met koshuis fasiliteite.

Sluitingsdatum: 17 April 2025
Alle CV's kan gestuur word na hbh@carfone.net

# Heilbron se Kultuurerfenis kry nuwe lewe danksy Okkie Jooste se toewyding



Op Saterdag, 12 April, het Okkie Jooste vanaf Vereeniging die pad Heilbron toe aangepak om die kultuurhistoriese terrein – algemeen bekend as die Heilbron Konsentrasiekampterrein of Voortrekkerterrein – te kom help opruim. Hierdie terrein, wat diep gewortel is in die plaaslike en nasionale geskiedenis, het in die afgelope tyd begin verval weens 'n gebrek aan gereelde instandhouding.

Okkie het sowat drie weke gelede saam met gaste die terrein besoek en was geskok oor die toestand waarin dit was. Dié terrein, wat vroeër deur die Voortrekkers onderhou is, het in die afgelope jaar begin agteruitgaan nadat die plaaslike skool Maandae begin gebruik het vir ekstraklasse – 'n dag wat voorheen vir terreinversorging gebruik is.

Met sy bekende passie vir kultuurerfenis het Okkie besluit om self in te spring. Saam met Corné en Helgardt het hulle Saterdag met 'n trekker en bossiekappers toegerus opgedaag en die terrein deeglik skoon gesny. Hulle beplan om voor die winter nog een laaste keer die gras kort te sny om die netheid te behou.

Die terrein het ook in die slag gebly as gevolg van vandalisme en diefstal – veiligheidshekke, kragkabels en selfs vlagpale is gesteel. Dit het 'n dringende behoefte aan 'n nuwe omheining geskep. Gelukkig is daar reeds 'n elektrifiseerder en 'n datakamera geskenk, maar daar word steeds dringend gesoek na staaldraad of 'n ander veilige heiningoplossing, asook ysterpale vir die agterste deel van die terrein.

Hierdie terrein behoort aan die mense van Heilbron, en Okkie doen 'n beroep op die gemeenskap om betrokke te raak. As die inwoners werklik hul kultuurerfenis wil bewaar, is nou die tyd om saam te staan.

Okkie Jooste is nie onbekend in kultuurkringe nie – hy is landswyd bekend vir sy toewyding aan die skoonmaak van begraafplase, monumente en historiese terreine, dikwels op sy eie onkoste. Die Voortrekkermonument by Winburg lê hom veral na aan die hart, en hy bring feitlik elke naweek by 'n terrein deur, besig met instandhouding en herstelwerk.

Belangstellendes wat 'n bydrae wil maak of wil help met die heiningprojek, kan vir Okkie Jooste kontak op 071 478 9816.

Laat ons ons erfenis beskerm – vir vandag én vir toekomstige geslagte.



*Op die foto agter vl: Daniel en Helgardt Brits.*
*Voor vl: Righardt en Okkie Jooste en Corné van der Merwe.*



# Tragiese ongeluk op R57 eis vyf lewens

Die Vrydagoggend van 11 April het 'n tragiese motorongeluk plaasgevind op die R57-pad tussen Heilbron en Petrus Steyn. Volgens inligting het een van die wiele van 'n wit Mahindra-bakkie vermoedelik gebars, wat daartoe gelei het dat die bestuurder beheer oor die voertuig verloor het. Dit het in 'n noodlottige kop-aan-kop botsing met 'n Renault Sandero geëindig.

Owerhede is vinnig na die toneel ontbied maar ongelukkig is twee van die insittendes van die Renault Sandero is op die toneel dood verklaar. Die die oorblywende insittendes is na 'n nabygeleë hospitaal geneem vir mediese behandeling. Ongelukkig is dit intussen bevestig dat die ander drie insittendes van die Renault ook aan hul beserings beswyk het — onder hulle was 'n tweejarige kind.

Die voorval het die gemeenskap in skok gelaat, en die polisie het 'n ondersoek van stapel gestuur om die presiese oorsake van die ongeluk vas te stel.





# KENNISGEWINGS

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

**In the Estate of the Late:**
Surname: **TERLOUW**
First names: **ISABELLA FREDERIKA**
Estate number: **002971/2022**
Identity/passport number: **401127 0030 086**
Date of death: **6/11/2021**
Last address: **ERF 41, KOPPIES, 9540 (SPRINGBOK)**
The FIRST AND FINAL Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from
18 April 2025 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, KOPPIES.
**NAME AND ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC,**
**40 CHURCH STREET HEILBRON, 9650**
**ADVERTISER ADDRESS:**
**PO BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**ADVERTISER EMAIL: 0588522035**
**REFERENCE:**
**DATE SUBMITTED: 2025/04/07**

---

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T16682/2017** passed by:
Die Trustees van tyd en wyl van
**JAN DE KOCK FAMILIETRUST**
**REGISTRATION NUMBER: IT1939/2002**
In favour of:
**JOHANNES GEORGE DU TOIT**
**IDENTITY NUMBER: 6702165123089**
MARRIED OUT OF COMMUNITY OF PROPERTY
In respect of certain:
REMAINING EXTEND OF THE FARM OMDRAAI 85, DISTRICT REITZ, PROVINCE FREE STATE
IN EXTEND: 121,6275 (ONE HUNDRED AND TWENTY ONE COMMA SIX TWO SEVEN FIVE) HECTARES
Which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds FREE STATE Bloemfontein, situated at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein, within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Pretoria on 11 April 2025.
**A BOTHA**
**APPLICANT:**
**AMANDA BOTHA ATTORNEYS,**
**804 TERBLANCHE STREET, RIETFONTEIN, 0084**
**E-MAIL: Amanda.botha@amandabotha.co.za**
**TEL: 082 7757 256**

---

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. TE 12565/2004** passed by NKETOANA LOCAL MUNICIPALITY in favour of NOMITHI ANNA KHAHA Identity number: 381115 0191 085 in respect of certain ERF 18 MAMAFUBEDU, DISTRICT LINDLEY, PROVINCE FREE STATE. INEXTENT: 232 (TWO HUNDRED AND THIRTY TWO) SQUARE METERS.
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: FREE STATE at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at HEILBRON on 11 APRIL 2025
**APPLICANT:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON 9650**
**E-MAIL: aktes@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**


Repairs & Maintenance
Herstel & Onderhoud
Boertjie
Dienste|Services
Louw Pretorius
47 Cilliers Street
Heilbron
boertjiedienste@gmail.com
058 852 2275
081 600 4245







Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Office National









**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**



*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*



DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


# SMALLS


**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com



BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**



*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za



**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!




HERALD

# Pret, potjiekos en puik houe by Bronnies Kleuterland se jaarlikse Gholfdag




*Op die foto vl: Shaun Hayward, Thulane Malgas, Simon Malgas, Jackie Leonard, Wiam Rautenbach en Annemarie Hayward.*

Bronnies Kleuterland se jaarlikse gholfdag het uiteindelik op 12 April plaasgevind nadat dit weens swaar reën van 5 April af uitgestel moes word. Die dag was propvol opwinding en pret vir jonk en oud, met 'n uitstekende opkoms en 'n heerlike atmosfeer regdeur die dag.

Benewens die gholf aksie op die baan, het die potjiekoskompetisie baie aandag getrek en heerlike geure het die lug gevul. Die wenners was:

- 1ste plek: Judith Joubert
- 2de plek: Joanita Claasen
- 3de plek: Bronnies se eie span

Op die gholfbaan het die kompetisie flink verloop in die two ball scramble-formaat. Na 'n taai stryd het Jackie Leonard en sy spanmaat Wiam Rautenbach, die louere ingepalm met 'n uitstekende telling van 62,5. Net op hul hakke was Simon en Thulane, wat tweede geëindig het met 'n telling van 62,75 gevolg deur Bongani en Shabalala in die derde plek met 65,75.

Die dag was 'n groot sukses en het nie net fondse ingesamel vir Bronnies Kleuterland nie, maar ook 'n wonderlike gemeenskapsgees bevorder. Annemarie bedank ook graag almal wat deelgeneem het en die dag spesiaal gemaak het, veral die borge. Sonder julle sou dit nie moontlik kon wees nie, verduidelik sy.

'n Geseënde paasfees word al ons lesers toegewens.

# Mik hoog by prysskiet-dag

Die Riemland Jagtersvereniging-tak het die afgelope naweek hul jaarlikse ope prysskiet- en spanskiet-dag met groot sukses aangebied. Die dag was propvol aksie en uitstekende skietvernuf, met kontantpryse wat op die spel was vir die beste skuts.

Deelnemers het in 'n gesonde gees teen mekaar meegeding, nie net vir span-eer nie, maar ook vir die titel van algehele wenner. Hierdie eer het aan Paul Keogh toegeval, wat sy merkwaardige skietvernuf ten toon gestel het. As deel van sy prys is 'n blesbok, geskenk deur Hennie Fourie – wat beslis in Keogh se jagboek opgeteken sal word.

Die vereniging het groot waardering uitgespreek teenoor alle deelnemers en organiseerders.

**Wenners is as volg:**
**Jaggeweer:**
1. Hennie Fourie, 2. Paul Keogh, 3. Japie Steyn
**.22**
1. JM Joubert, 2. Jos Deysel, 3. Paul Keogh
**Handwapen**
1. Chanelle Engelbrecht,
2. Paul Keogh,
3. Willie Pretorius
**Haelgeweer**
1. JM Joubert, 2. Paul Keogh,
3. Wybrandt du Toit

**Algehele Wenner**
Paul Keogh wen 'n blesbok geskenk deur Hennie Fourie.
**Span Skiet**
1. Arnold Engelbrecht en Paul Keogh
2. JM Joubert en Japie Steyn
3. Willie Pretorius en Loandré Raath



*Op die foto agter vl: Jos Deysel, Paul Keogh en Arnold Engelbrecht.*
*Voor vl: Hennie Fourie, JM Joubert, Japie Steyn, Willie Pretorius, Chanelle Engelbrecht en Wybrandt du Toit.*

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
DINSDAG - 22 APRIL 2025
ANYSSPRUIT 2-Maandelikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115
WOENSDAG - 23 APRIL 2025
REITZ Speenkalf Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1869
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776
KLERKSDORP 2-Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
ROODEDRAAI Kwartaallikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
DONDERDAG - 24 APRIL 2025
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
VRYDAG - 25 APRIL 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Selly de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 229, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za